# DIE OPTREDES VAN DIE BLOEMFONTEIN STADSKOMMANDO VANAF SY STIGTING IN 1848 TOT DIE NEERLEGGING VAN SY VAANDEL IN 2005

**Annette Strauss***

***Summary***

*In this article the phenomenon of commandos, their roll and utilisation and the way they came into being in South Africa, the Free State and Bloemfontein are discussed. The history, utilisation and ultimate disbandment of the Bloemfontein City Commando are depicted. There were times of intense action but also long periods of inactivity.*

---

## 1. INLEIDING

In hierdie artikel sal kortliks in die algemeen gelet word op die verskynsel van die kommandowese, die rol en aanwending van kommando's en die ontstaan daarvan in Suid-Afrika, die Vrystaat en Bloemfontein. Daarna word aandag geskenk aan die geskiedenis en aanwending van die Bloemfontein Stadskommando en die uiteindelike ontbinding daarvan. Die Bloemfontein Kommando was deur die jare onder verskillende name bekend, onder meer die Bloemfontein Rangers. Die kommando is in 1956 in twee gedeel, naamlik in die Bloemfontein Stads- en Bloemfontein Distrikskommando's. Daar was tye van intense aksie en ook lang tye waarin die kommando nouliks bestaan het.

## 2. DIE KOMMANDOWESE[1]

Dwarsoor die wêreld bestaan daar kommando's of sogenaamde "territorial reserves" of "home guards" ter aanvulling van staande magte. Mense word in die omgewing waar hulle bly en werk opgelei en toegerus om 'n polisiërings- en militêre funksie te vervul wanneer nodig. Dit is die goedkoopste mag om te gebruik, maar daarbene-

* Departement Geskiedenis, UV. E-pos: annettestrauss@absamail.co.za.

1 Die inligting hieroor is bekom gedurende 'n onderhoud met lt.-kol. P Z Kruger, die laaste bevelvoerder van die Bloemfontein Stadskommando, op 21 Mei 2005.

wens bied dit die voordeel dat mense in 'n sekere gebied die gebied, sy mense en bewegings die beste ken. Hulle gee aan die land ore, oë en 'n vermoë op die grond. Hulle is vinnig mobiliseerbaar en koste-effektief en beskik oor verspreide kundigheid, nie net militêre kennis nie.

## 3. DIE ONTSTAAN VAN KOMMANDO'S IN SUID-AFRIKA

Kommando's in Suid-Afrika het tydens die Kompanjiesbewind ontstaan toe soldate en burgers saam uitgestuur is om gesteelde vee te herwin. Die eerste kommando wat net uit burgervrywilligers bestaan het, het in 1715 uitgetrek. Die verdediging van die binneland is hierna aan die burgers oorgelaat. Sedert 1739 was elke burger met 'n belang in die buitedistrikte verplig om kommandodiens te verrig.[2] Die owerheid was nie in staat om boere op die afgeleë noordgrens teen Khoi-aanvalle te beskerm nie. Hulle is van gewere en ammunisie voorsien en toegelaat om hulle in kommando's te organiseer.[3] Hulle is later teen die Xhosas aangewend, maar landdros D Maynier van Graaff-Reinet het sodanige optredes verbied.[4] Dat die owerheid hulle nie kon beskerm nie, maar ook nie wou toelaat om hulself te verdedig nie, het tot opstand deur die burgers van Graaff-Reinet en Swellendam onder beproefde kommandante gelei.[5] Die Britse bewind se weifelende grensbeleid en filantrope se invloed om burgers te verhoed om kommando's ter selfbeskerming aan te wend, was een van die redes vir die Groot Trek.[6] In die Trekkers se kommando's was daar ook inheemse swart mense wat gewoonlik as agterryers die perde versorg en die kos gemaak het. Die eerste groot kommando onder leiding van Hendrik Potgieter en Andries Maritz het uit 103 wit trekkers, 40 gekleurde en 60 swart mense bestaan.[7]

## 4. DIE BLOEMFONTEIN KOMMANDO GEDURENDE DIE NEëNTIEN-DE EEU

Op 8 Maart 1848 het lt.-genl. (later sir) Henry George Wakelyn (Harry) Smith, die Britse Goewerneur en Hoë Kommissaris aan die Kaap, die Oranjerivier-soewereiniteit tot stand gebring[8] en by wyse van 'n proklamasie 'n militêre stelsel inge-

---

2 H Giliomee, **Die Afrikaners** (Kaapstad, 2004), p.23.
3 CJF Muller (red.), **Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis** (Pretoria en Kaapstad, 1968), p.74.
4 **Ibid**, p.77.
5 Giliomee, p.52.
6 Muller, p.122.
7 Giliomee, p.122.
8 JA Steenkamp, **Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek 1854-1899** (MA-verhandeling, UOVS, 1976), p.5.

stel.[9] Hiervolgens is die gebied in drie distrikte, Bloemfontein, Caledonrivier en Winburg verdeel.[10] Die Bloemfontein Kommando het dus deur hierdie proklamasie tot stand gekom. Kommandolede moes dié gebied verdedig, maar ook polisietake op versoek van die owerheid ('n magistraat of kommissarisse) verrig. Die bevelvoerders van die kommando's het 'n toelaag van die regering ontvang.

Die Britte het na ses jaar, veral vanweë die finansiële las wat die ewigdurende geskille met omliggende stamme veroorsaak het, die handdoek ingegooi. Op 23 Februarie 1854 het die Vrystaatse Republiek ingevolge die Bloemfonteinse Konvensie tot stand gekom. "Daar stonden nu eenvoudige lieden in een uitgestrekt open land, omringd van alle kanten door vijanden, zonder regters, zonder soldaten, zonder geld ..." skryf **De Tijd**.[11] Die beproefde kommandostelsel is behou, aangesien dit min finansiële uitgawes geverg het - die burgers tussen 16 en 60 was, op 'n vrywillige grondslag, die verdedigers van die land.[12] Benewens die klein Artilleriekorps wat in 1864 met slegs 13 lede gestig en 1880 deur maj. FWR Albrecht onder hande geneem is, en in 1895 uit slegs 45 en in 1899 uit 140 (maar volgens JA Steenkamp 400) man bestaan het, was daar geen professionele soldate nie.[13] Wapenskoue en skietoefeninge is veral deur die Jongelingsverenigings gehou. In 1892 het **De Express** gereeld berig dat groot getalle burgers deelgeneem het, bv. 1 200 te Smithfield en 1 400 te Boshof. Met pres. Steyn se inswering in 1896 het meer as 2 000 burgers, waaronder dié van Bloemfontein se kommando, 'n indrukwekkende wapenskou gehou.[14] Verder het burgers hul skietvernuf in die jagveld opgedoen. Pakenham skryf dat die burgers in oorlogstyd toegelaat is om te veg soos hulle altyd geveg het - "with the tactics of the mounted frontiersmen. If the enemy were superior in numbers, they would provoke the enemy's attack, dismount, take cover and shoot, remount and ride away."[15]

MCE van Schoor en JJ van Rooyen skryf dat "die krygsorganisasie van die Vrystaatse Republiek uit praktiese ondervinding gebore en veral tydens die drie Basoeto-oorloë deeglik op die proef gestel is. Gedurende die republikeinse jare en veral gedurende die Vryheidsoorlog het dit uitmuntend aan sy doel beantwoord." [16] Die Bloemfontein Kommando was in die Basoeto-oorlog van 1865-1866 veral by

9 Steenkamp, p.6; Proklamasie aangehaal in die brosjure wat die Bloemfontein Stadkommando by geleentheid van 'n vaandelparade op 7 Maart 1998 om hul 150ste bestaansjaar te gedenk, uitgegee het, p.4.

10 Steenkamp, p.6.

11 **De Tijd**, 27 Februarie 1866, soos aangehaal in Muller, p.204.

12 MCE van Schoor en JJ van Rooyen, **Republieke en Republikeine** (Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg, 1960), p.112; Steenkamp, pp. (1) en 94.

13 Karel Schoeman, **Bloemfontein** (Kaapstad, Pretoria en Johannesburg, 1980), pp. 99 en 139; Steenkamp, p.182.

14 **De Express**, 6 Maart 1896.

15 T Pakenham, **The Boer War** (Londen, 1998-herdruk), p.105.

16 **Ibid**, p.120.

die gevegte te Verkeerdevlei en Thaba Bosigo, onder leiding van kmdt Louis Wessels, betrokke.[17] Die Bloemfontein Stadkommando, wat toe onder kaptein Harvey as die Bloemfontein Rangers bekend gestaan het, het hulle onderskei en was 'n toonbeeld van moed, orde en gehoorsaamheid.[18] Nadat oorwinning behaal en vrede in April 1866 gesluit is, is die seëvierende Bloemfontein Stadkommando feestelik op die stadsplein verwelkom. 'n Dankdiens is op 13 Mei gehou en, skryf Karel Schoeman, "die volgende dag het die dorp feesgevier, met oefeninge van die Artillerie, die gebruiklike verligtings, rye gekleurde lanterns ... en 'n vreugdevuur ... 'n koor (is) na die Presidensie ... om daar die Volkslied voor te dra."[19] Tydens die derde Basoeto-oorlog (1867) het die Bloemfonteiners saam met die ander suidelike kommando's die gebied tussen die Caledon- en Oranjeriviere beveilig.[20]

Na die Basoeto-oorloë was die Vrystaat geseën met jare van vrede. Die rustige waters is deur die Eerste Vryheidsoorlog (1880-81) en die Jameson-inval in Transvaal in 1895/96 versteur. SP Blignaut, waarnemende president van die Vrystaat, het tydens die inval 2 100 burgers, waaronder ook van die Bloemfontein-kommando, na die republiek se Noordgrens gestuur.[21] Die inval het die Vrystaters laat besef dat hulle burgers ongewapen was, en daar is vir wapenaankope, hoofsaaklik mausers, begroot.[22]

Oorlogswolke het op die horison verskyn. Op 10 Mei 1899 het Wet. nr. 10 van 1899, "De Krijgs- en Commandowet", die bestaande Krygs- en Kommandowet van 1892 vervang. Hiervolgens is burgers opgekommandeer.[23] Oorlog tussen die Britte en die twee Suid-Afrikaanse republieke het op 11 Oktober 1899 uitgebreek.

Onder leiding van kommandante PJ Fourie, JR Ackerman, Willem Kolbe en George Brand, met Hoofkommandant CJ Wessels as bevelvoerder, het die Bloemfontein Kommando 'n baie prominente rol gedurende die Tweede Vryheidsoorlog gespeel. Hulle was betrokke by die beleg van Kimberley[24] en hul eerste geveg was by Belmont op 23 November 1899,[25] waar hulle uitstekend geveg en die laaste vesting van boereweerstand geword het. Hulle is egter met groot verliese deur die Britte onder lt.-genl. lord Methuen teruggedryf.[26] Gedeeltes van die Vrystaatse

---

17 Brosjure, p.5.
18 **The Friend of the Free State**, 27 Oktober 1865, deur Steenkamp aangehaal, p.117.
19 Schoeman, pp. 46-7.
20 Getikte manuskrip oor die Kommando se geskiedenis, KJ Chapman, 1994. Bladsy ongenommer.
21 **De Express,** 17 Januarie 1896.
22 **Notule van die Oranje-Vrijstaat Volksraad**, 29 April 1896, pp. 229-31.
23 CR de Wet, **Die stryd tussen Boer en Brit** (in Afrikaans vertaal deur MCE van Schoor - Kaapstad, 1999), pp. 22 en 27.
24 Chapman.
25 Brosjure, p.5.
26 Chapman.

kommando's was by genl. JH (Koos) de la Rey en het daarna onder genl. PA (Piet) Cronje se bevel geval. Hoewel hulle uitstekend geveg het, moes hulle onder hewige vuur van die Highlanders tot op Jacobsdal terugval. Hulle was ook by die gevegte by Scholtznek en Spytfontein betrokke. Tydens die slag van Magersfontein (11 Desember 1899) het die Vrystaters die loopgrawe aan die westerflank beman en meegehelp om die Highland Brigade 'n verpletterende neerlaag toe te dien.[27] Na twee maande het lord Roberts (met 'n leër bestaande uit 43 000 manskappe[28]) hulle verdryf. 'n Hele aantal Vrystaters het saam met genl. Cronjé by Paardeberg (27 Februarie 1900) in Engelse hande geval, maar baie kon betyds uit die laer ontsnap.[29]

CR de Wet, waarnemende Hoofkommandant, het burgers, ook van Bloemfontein, tussen 9 en 11 Maart in posisie geplaas om die Britte uit Bloemfontein te hou. Dit was tevergeefs, want lord Roberts het die stad op 13 Maart ingeneem.[30]

Tydens die guerrilla-fase[31] was die kommando onder kmdt. Piet Fourie by genl. de Wet. Hy het beplan om Sannaspos aan te val en die waterwerke wat water aan Bloemfontein voorsien het, te vernietig. Kmdt. Fourie en 350 man het hom vergesel. Op pad het hulle teen die oormag van brig.-genl. Broadwood, wat die waterwerke verdedig het, te staan gekom, verwarring gesaai en die Britte moes op die vlug slaan. Versterkings het bygekom en die Britte is heeltemal verdryf.[32] Hieroor skryf De Wet: "My manskappe het hulle pragtig gedra. Meer onverskrokke het ek die burgers nooit gesien as toe die troepe soos 'n magtige rivier op hulle afgestorm het nie. Kalm en vasberade het hulle die soldate laat kom en hulle ontwapen. Dit was vir my opnuut 'n bewys van die dapperheid van die Afrikaner wat na my oordeel nêrens oortref word nie.[33]

Die kommando was hierna in die Noord- en Oos-Vrystaat bedrywig, waarna hulle De Wet oor die grens na die Kaapkolonie vergesel het.[34] 'n Ruk later bevind Fourie hom saam met De Wet in die Wepener-distrik. Hier moes hulle oop en bloot tussen twee sterk Engelse forte deurgaan. Fourie en sy manne het weer getoon dat hulle vir niks stuit nie en het onverskrokke op die nek afgepyl. Hoewel daar van twee kante hewig op hulle gevuur is, is slegs een manskap gewond.[35]

---

27 T Pakenham, "Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" in T Cameron en SB Spies (reds.), **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika** (Kaapstad en Pretoria, 1986), pp. 204-5.
28 Pakenham, p.206.
29 Chapman.
30 De Wet, p.71.
31 Cameron en Spies, p.207.
32 De Wet, pp. 74-83.
33 **Ibid**., p.83.
34 **Ibid**., p.168-90.
35 **Ibid**., pp.193-5.

Die laaste geveg waaraan die Bloemfonteiners deelgeneem het was op 25 September 1901. Die kommando was onder die laastes wat die wapen neergelê het - op 16 Junie 1902 te Brandfort.[36]

## 5. DIE TYDPERK 1902-1994

### 5.1 1902-1948 - bloot 'n skietvereniging

Na die Vrede van Vereeniging is die kommando's onder Britse krygswet geplaas. Hulle het nie wapens gehad nie en het hulle militêre funksie verloor. In 1912 het genl. Smuts se Verdedigingswet voorsiening gemaak vir die herorganisasie van die weermag met, onder meer, 'n Staande Mag, 'n Burgermag, kommando's en skietklubs.[37] Die Bloemfontein Kommando het tussen 1902 en 1948 voortbestaan as 'n skietvereniging onder leiding van befaamde Bloemfonteinse skuts soos Jaco Bramley.[38] Tussen 1920 en 1929 is die skietverenigings deur die weermag gesubsideer en is skietoefeninge op amptelike bane, in die geval van Bloemfontein die Hamilton-skietbaan, gehou. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die kommando onder die Nasionale Reserwe van Vrywilligers geresorteer. Hulle gewere is weggeneem en volgens oud-majoor Hennie Wiese moes die lede jukskei speel.[39]

### 5.2 1948 tot 1989 - 'n binnelandse beveiligingsmag en 'n grensmag

Die kommando is in 1948 weer geaktiveer[40] en het geleidelik in 'n meer militêre rigting beweeg en offisiers- en ander kursusse is aangebied.[41] In 1956 is dit in twee verdeel - die Bloemfontein Stad- en Bloemfontein Distrikskommando's.[42] Vanaf 1957 het kommando's 'n integrale deel van die Unie Verdedigingsmag, later die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), geword.[43]

In 1964 is die kommando georganiseer om, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP), as 'n binnelandse beveiligingsmag te dien. In hierdie jaar het Herman Lötter, later lt.-kol., by die Bloemfontein Stadkommando (BSK) betrokke geraak na twee jaar by die Kroonstad Kommando. Tussen 1974 en 1999 sou hy bevelvoerder van die BSK wees. Hy was 'n staatsamptenaar wat, soos al die kommandolede, sy vrye tyd opgeoffer het in diens van die kommando. Gevra

36 Brosjure, p.5.
37 Chapman.
38 Brosjure, p.5.
39 Chapman.
40 Brosjure, p.5.
41 Chapman.
42 **Volksblad**, 11 Maart 2005.
43 Brosjure, p.5.

waarom mense by kommando's betrokke raak, was sy antwoord dat dit uit liefde vir hulle land en 'n begeerte om diens te lewer, spruit. Dit is in hulle bloed. Sy gesin was ook by die kommando betrokke - sy vrou Penny vir 26 jaar, merendeels agter die kospotte, en ook sy twee seuns.[44]

Rustelose tye het voorgelê. Na die Eerste Wêreldoorlog het Duitsland in 1919 ingevolge die Verdrag van Versailles beheer oor Suidwes-Afrika (SWA) verloor. In 1920 het die Volkebond die gebied as 'n C-mandaat aan die Unie van Suid-Afrika oorgedra. Die Unie het volle verantwoordelikheid vir die gebied aanvaar. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die Volkebond ontbind en die Verenigde Nasies (VN) het tot stand gekom. As gevolg van Indië se bemoeiing, het die VN Suid-Afrika se aanspraak om die mandaatgebied verwerp. Suid-Afrika was vasberade om voort te gaan om die mandaatstelsel te handhaaf en vir vier dekades sou daar stryd tussen Suid-Afrika en die VN, en dus ook die hele internasionale gemeenskap, wees oor hierdie kwessie.

SWAPO (South West Africa People's Organization), 'n bevrydingsbeweging wat deur die VN as die enigste wettige verteenwoordiger van die bevolking van SWA beskou is,[45] het in 1962 besluit om met militêre geweld beheer oor die gebied oor te neem. Tussen 1966 en 1989 was die veiligheidsmagte van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) in 'n gewapende konflik met SWAPO en sy militêre vleuel PLAN (People's Liberation Army for Namibia) in die noorde van Namibië (toe nog SWA) en in suid-Angola gewikkel. Dié konflik het met die jare al groter afmetings aangeneem.

Na die onttrekking van die Portugese aan Angola in 1974, het SWAPO met die MPLA (wat die regerende party in Angola geword het) saamgewerk en basisgeriewe in Angola, veral in die suide, verkry. Die USSR en sy bondgenote het die MPLA en SWAPO gesteun en Kubaanse soldate het sedert 1975 hulp verleen. Teen 1987 was daar ongeveer 60 000 Kubane in Angola.[46] Terselfdertyd het Suid-Afrika ook met binnelandse onrus te kampe gehad, onder meer met sabotasiepogings deur elemente van die African National Congress (ANC) en Pan African Congress (PAC). Dit het die veiligheidsmagte op 'n konstante gereedheidsgrondslag geplaas.[47]

---

44 Onderhoud met lt.-kol. Herman Lötter, 3 Augustus 2005.

45 Cameron en Spies, p.297.

46 L Barnard, **The war for Namibia. A South African perspective (**referaat gelewer by die konferensie van die International Committee of Military History in Augustus 1998 te Lissabon, Portugal), p.1.

47 **Ibid**., p.2.

Die SAW is bygestaan deur die SAP, die SWA-gebiedsmag en elemente van Unita, die swart nasionalistiese vryheidsbeweging onder Jonas Savimbi in suidoos-Angola.[48] Die kommando's se hulp is ook ingeroep.[49] Hulle is wyd aanwendbaar en vinnig mobiliseerbaar. Op 18 Maart 1976 is die BSK vir die eerste keer tydens die grensoorlog in die destydse SWA ontplooi en daarna gereeld totdat Resolusie 435 gedurende 1989 in werking gestel is.[50] Peletons van verskillende kommando's is vir 'n tydperk van drie maande op 'n keer ontplooi en peletons van die BSK is gereeld opgeroep. Hulle is in Ovamboland ontplooi en was verantwoordelik vir patrollering, gebiedsbeskerming, beveiliging van basisse, hoofmanne en krale en die beskerming van belangrike persone. Hulle het onder meer by Oshakati in 'n tentedorp gebly. Slegs een van die kommandolede het oor die hele tydperk gesneuwel. In 1976 was lede van B-Kompanie betrokke by 'n landmyninsident. Daar was drie peletons van die Kompanie op die grens en twee seksies van een van die peletons onder bevel van lt. Basie Verster het 'n groepie amptenare begelei wat op pad was om onderwysers in afgeleë gebiede te gaan betaal. Mynbestande voertuie was toe maar skaars en hulle het nie oor een beskik nie. Op die vyfde dag het hulle voertuig 'n myn afgetrap. Verster was in die voertuig saam met die ander en toe die voertuig aan die brand raak, het hulle uitgespring, weggehardloop en plat op die pad geval. Verster wou met hulle basis in aanraking kom, maar hy het besef dat die radio nog in die voertuig was. Een van die manskappe, die radioman, het aangebied om dit te gaan haal. Hy het gehardloop, in die brandende voertuig gespring en die radio herwin. Die dapper soldaat het niks oorgekom nie, maar 'n paar dae later is ontdek dat sy bajonet in die proses deur 'n skrams koeël getref is. Dit is nie deur die vyand afgevuur nie, maar was van hulle eie ammunisie in die voertuig wat vanweë die uiterste hitte ontplof het. Die groep is vir vier of vyf dae daar vasgekeer – hulle voertuig was stukkend en die paaie was gemyn. Hulle het by die nabygeleë Enana-basis gaan hulp soek en was eers na ongeveer 'n week terug by hulle basis. Die rit is teen twee kilometer per uur deur die dik woestynsand afgelê.[51]

Enkele voorbeelde van opdragte om opleiding te bied en grensdiens te verrig, volg. Op 14 September 1977 is opdrag gegee dat die BSK 40 lede, insluitende bestuurders van swaar voertuie, korporaals en sersante, beskikbaar stel en oplei vir grensdiens[52] vanaf 7 Desember 1977 tot 3 Februarie 1978.[53] Op 30 November 1978 en 19 Maart 1980 is Groep 35, waaronder BSK geresorteer het, opdrag gegee om 'n

48 **Ibid**., p.4.
49 Onderhoud met lt.-kol. PZ Kruger, 21 Mei 2005.
50 Brosjure, p.5.
51 Onderhoud met lt.-kol. Lötter op 3 Augustus 2005; telefoniese gesprek met prof. Basie Verster, 26 September 2005.
52 Bloemfontein Stadkommando (BSK) Lêer 309/1: Spesifieke operasies, 14 September 1977.
53 **Ibid.**, 25 Oktober 1977.

kompanie van Hoofkwartier en twee peletons vir grensdiens beskikbaar te stel.[54] Kommandement OVS het BSK in Maart 1981 ingelig dat 'n span die kommando sou besoek om opleiding te gee met betrekking tot die beskerming en verdediging van die SAW-installasies, geboue en personeel.[55] In Oktober 1981 moes kommandolede opleiding ontvang met betrekking tot kleefmyn-handelingsdrils.[56] 'n Deurgangskamp sou vanaf 1 tot 4 Februarie 1982 te Hamilton-skietbaan gehou word met die oog op grensdiens tussen 1 Februarie en 24 April 1982.[57]

Afgesien van die kommando se betrokkenheid by die grensoorlog in Namibië, moes hulle ook behulpsaam wees met die beveiliging van die Lesotho-grens, bv. van 14 Januarie tot 14 Maart 1987.[58]

In hierdie tyd moes die kommando ook, in samewerking met die SAP en volgens vaste riglyne, op die tuisfront help met onder meer die beveiliging van woonbuurte, stabiliteit in swart woongebiede, die voorkoming van misdaad en die beskerming van sleutelpunte. Sleutelpunte was onder meer die kragstasie, die spoorwegaanleg, Musgrave se geweerfabriek en Mobil se brandstofaanleg. Die polisiepligte van die SAW was om die binnelandse veiligheid in die RSA te bewaar, wet en orde te handhaaf en misdaad te voorkom.[59]

In die tagtigerjare was Suid-Afrika 'n kookpot van politieke onrus. In Desember 1982 het Kommandement OVS die volgende inligting deurgegee: Met die aanval op ANC-lede in Lesotho het die gebuite dokumente gedui op beplande ANC-optrede in die Bloemfontein-omgewing. Die spoorwegaanleg met sy brandstof- en gasopgaarplekke, transformators, werkswinkels en administratiewe geboue is as teiken gestel. Optrede sou tussen 16 Desember 1982 en Januarie 1983 plaasvind.[60] Padblokkades is landwyd, en dus ook in Bloemfontein, vir Desember 1982 en Januarie 1983 gereël.

Na die Kerkstraat-bominsident in Mei 1983, het Kommandement OVS aan groep 35, waarvan BSK 'n deel was, opdrag gegee dat sekuriteitsmaatreëls met betrekking tot militêre installasies en Nasionale Sleutelpunte (NSP'e) opgeknap, bomwaarskuwings as dringend hanteer en aandag aan voertuie op verdagte plekke gegee moes word.[61]

---

54 **Ibid.,** 30 November 1978; 19 Maart 1980.
55 **Ibid.,** Korr. Kmdmt OVS, OPS/249/Mrt 1981.
56 **Ibid**., OPS INSTR 14/81.
57 **Ibid**., Kmdmnt OVS/OPS309/1/3.
58 **Ibid**., Kmdmnt OVS/309/1/OP PEBBLE.
59 **Ibid**., Kmdmnt OVS/309/01, 1 September 1988.
60 **Ibid**., Kmdmnt OVS OPS/467/13 Desember 1982.
61 **Ibid**.,, Kmdmnt OVS HK: OPS/845/25 Mei 1983.

Die United Democratic Front (UDF), wat in 1983 gestig is, het spoedig die binnelandse front van die verbode ANC en sy uitgeweke leiers geword en onrus aangehits. Die organisasie se hoofdoel was om die land onregeerbaar te maak.[62] Sekere gedenkdae is veral gebruik vir optogte en onrus, bv. Sowetodag (16 Junie) en die stigtingsdag van Umkonto we Sizwe (16 Desember). In 1984 is opdrag gegee dat alle NSP'e tussen 15 en 18 Junie op ongereelde tye gedurende die dag en nag besoek moes word.[63] Die kritieke tydperk is daarna tot 30 Junie verleng. Daar moes verskerpte optredes wees sonder om paniek te veroorsaak.[64]

Op 12 Julie 1986 is 'n landwye noodtoestand deur die regering afgekondig nadat 284 swart Suid-Afrikaners tussen Maart en Junie 1986 deur revolusionêre elemente doodgemaak is en die regering verneem het dat hierdie elemente besig was met die beplanning van groot betogings, opmarse na wit voorstede en stakings tussen 16 en 26 Junie 1986 ter herdenking van die Soweto-onluste in 1976.[65] Die BSK het op 27 Julie 1987 regulasies ontvang met betrekking tot die voortdurende noodtoestand. Padblokkades en voertuigbeheerpunte moes opgestel word.[66]

Kommandolede is ook opgelei om volgens baie spesifieke riglyne met nood- en rampbestuur te help. Tydens 1988 se vloede het die kommando met hulle goeie kommunikasievermoë onskatbare hulp verleen. Die hele Vrystaat was onder water en die N1 was onbegaanbaar. Talle mense is uit die vloedwaters gered.[67] In daardie stadium was die kommando 1 978 lede sterk met 165 offisiere.[68]

Transformasie, wat in die nuwe bedeling 'n gonswoord sou word, was vroeg reeds op die BSK se program. Teen die einde van die sewentigerjare is 'n peleton vroue en 'n peleton bruin mense opgelei. Lt.-kol. PZ Kruger was die eerste groep vroue se peleton-bevelvoerder. Daar was ongeveer 30 vroue. Al die basiese opleiding is met hulle gedoen - soldaatvaardighede, drilwerk, wapenvaardigheid, wapenbehendigheid, skietkuns en die doktrines soos skarebeheer. Die opleiding is egter minder intensief gedoen en nie soos in die geval van die mans vir ses maande nie, maar net vir 'n maand.[69]

---

62 FW de Klerk, **FW de Klerk, die outobiografie. Die laaste trek - 'n nuwe begin** (Kaapstad, Pretoria en Johannesburg, 1998), p.130.
63 BSK, lêer 309/1: Spesifieke Operasies. Gp 35 OPS/001, 11 Junie 1984.
64 **Ibid**., Gp 35/OPS 1/05/Junie 1984.
65 De Klerk, p.137.
66 BSK, lêer 309/1: Spesifieke operasies, SOP 3/87.
67 Onderhoud met lt.-kol. Kruger, 21 Mei 2005.
68 **Ibid.**
69 **Ibid.**

Een van die hoogtepunte in die bestaan van die kommando was die geleentheid op 27 Oktober 1979 toe die vryheid van die stad aan hulle toegeken is.[70]

### 5.3 1989-1994 - die vooraand van demokratiese verandering

Nadat die grensoorlog in 1989 beëindig is, is met binnelandse beveiliging in 'n tydperk van politieke onrus en swart-op-swart geweld voortgegaan. Totale gemeenskappe was sogenaamde "no go"-gebiede en die kommando het gehelp om dié gebiede heeltemal te stabiliseer. Lt.-kol. Kruger vertel dat die kommando aan die begin van die neëntigerjare in die middel van die nag met speurders agter op Buffels in die informele woongebiede ingegaan het om mense te arresteer, want hulle kon dit nie waag om op hulle eie met lasbriewe daar in te gaan nie.[71] Terselfdertyd was daar voortdurend operasies ter voorkoming van misdaad, veral in die middestad. In die feestyd is daar gedurende die hele Desember en Januarie operasies uitgevoer, bv. Operasie Rooi-oog van 15 Desember 1990 tot 31 Januarie 1991. Die terugvoer was dat misdaad drasties gedaal het.[72]

Die besef dat onderhandeling eerder as geweld die oplossing vir die RSA was, het teen die middel van die tagtigerjare by die politieke leiers posgevat. Onderhandelings het reeds voor FW de Klerk se presidentskap 'n aanvang geneem en na sy inhuldiging op 20 September 1989 in alle erns voortgegaan. Die besef van die noodsaaklikheid daarvan het ook na die SAW deurgesyfer. Toe Operasie Longhorn in Julie 1991 beplan is om die veiligheidsituasie in die swart woongebiede Mangaung en Botshabelo te stabiliseer, was die sleutelgedagte dat daar nêrens gekom sou word met geweld nie. Gesprekvoering en onderhandeling is as die enigste oplossing voorgehou om vrede te bewerkstellig. Voorligting en kommunikasie moes voorrang geniet. Optredes kon insluit die verspreiding van voorligtings- en inligtingsmateriaal, filmvertonings om die gevolge van geweld uit te beeld, kerkparades, sportaktiwiteite om verhoudings te bevorder en beeldbou-aksies.[73]

Die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa I) het op 20 Desember 1991 begin. Alles het nie altyd voor die wind gegaan nie, veral omdat die revolusionêre gedeelte van die ANC nie ten gunste van toegewings was nie en op massa-aksie besluit het.[74] Groep 35 is opgeroep om vanaf 16 Junie tot 15 Augustus saam met die SAP die veiligheidsituasie binne die Kommandement OVS se territoriale gebied te help stabiliseer. Die BSK moes twee kompanies op 72 uur bystand hou.[75]

70 Onderhoud met lt.-kol. Lötter op 3 Augustus 2005.
71 Onderhoud, lt.-kol. PZ Kruger, 21 Mei 2005.
72 BSK, lêer 309/1: Spesifieke operasies. Bfn Stad/V/1/00468, 5 Februarie 1991.
73 **Ibid**., Gr 35 OPSO 3/91: Gebeurlikheidsplan operasie Longhorn, 11 Julie 1991.
74 De Klerk, p.257.
75 BSK, lêer 309/1: Spesifieke operasies. Gr 35/G/309/1, 16 Junie 1992.

Verskerpte optrede is dikwels genoodsaak deur die verhoogde revolusionêre klimaat. Die ANC se rollende massa-aksie het tot geweld gelei, soos die bloedige Boipatong-slagting op 17 Junie 1992.[76] Die jaar 1993 was een van uiterste geweld. Na die moord op die sekretaris-generaal van die Kommunistiese Party, Chris Hani, op 10 April 1993, het die BSK deurlopend vanaf 23 tot 30 April een kompanie voorsien vir Operasie PAAL saam met die SAP.[77] Later in die jaar was daar aanvalle van swartes op blankes, soos dié van APLA op 25 Julie 1993 op kerkgangers in Kaapstad waarin 12 gedood en 56 beseer is; en 'n paar dae later swart-op-swart geweld soos in Tembisa waar IVP-ondersteuners 30 swart mense gedood en talle beseer het. Die land het van krisis tot krisis gesteier en teen die einde van die jaar het 3 706 mense weens politieke geweld omgekom. Die polisie is versterk en die SAW is in groter getalle ontplooi,[78] ook in Bloemfontein.

Intussen is voortgegaan met die onderhandelinge en op 18 November 1993 is die tussentydse grondwet aangeneem. Die verkiesingsdatum vir die eerste demokratiese verkiesing in die RSA is op 27 April 1994 bepaal.[79]

## 6. 1994 TOT 2005

### 6.1 Werksaamhede

In die aanloop tot die verkiesing het politieke geweld hoogty gevier en intimidasie het landwyd voorgekom.[80] Die SAW het troepe ontplooi om die polisie by te staan gedurende en na die verkiesing op 27 April 1994. In sekere kringe was daar kommer oor die politieke oriëntasie van kommandolede omdat beweer is dat van hulle regsgesind was. Intussen is daar ook 'n Nasionale Vredesmag op die been gebring met die uitsluitlike doel om die verkiesing te polisieer. By De Brug, Bloemfontein, het die lede van hierdie mag egter gestaak omdat hulle ontevrede oor hulle vergoeding was. Majoor Meyer, die SAW se woordvoerder, het verklaar dat lede van die burgermag opgeroep is om soldate te vervang wat na die Vredesmag gesekondeer is.[81] Die kommando het 'n belangrike rol gespeel om te verseker dat 'n vry en regverdige verkiesing plaasvind. Hulle het stembusse bewaak en patrollering gedoen. Ook is politici se huise beskerm en sleutelpunte bewaak.

---

76 De Klerk, p.257.
77 BSK, lêer 309/1: Spesifieke operasies. Gp 35 OPS ORDER 5/93: op Paal: Middestad, 21 April 1993.
78 De Klerk, pp.303-5.
79 **Ibid**., pp.307-8.
80 **Ibid**., p.347.
81 **The Daily News**, 3 Maart 1994.

Die nag van 28 April 1994 toe dit duidelik geword het dat die ANC die bewind sou oorneem, was kommandolede besig met beveiliging toe hulle opdrag gekry het om te onttrek. Lt.-kol. Lötter het besluit om twee Buffels met twee seksies nie te onttrek nie. Teen die oggend het die mense wat die oorwinning behaal het, besluit om na die middestad op te trek om fees te vier. In die duikweg by die kragstasie het die Buffels hulle voorgekeer en hulle is gevra om nie verder te gaan nie. Dit sou chaos veroorsaak as hulle die stad binnestroom, aangesien die blanke inwoners sou dink hulle vrese van voor die verkiesing is bewaarheid. Diplomasie het geseëvier en 'n moontlike ramp is afgeweer.[82]

Na die bewindsverandering in 1994 het 'n nuwe nasionale weermag tot stand gekom en is die kommando daarin geïntegreer. Sedert 1992 is swart lede ingeneem, maar dit was eers vanaf 1994 dat groter getalle hulle aangemeld het. Die BSK het meer as 3 000 swart en bruin mense sedert 1994 opgelei. Hulle het gekom en wanneer hulle 'n ander werk gekry het, weggegaan en teruggekom wanneer hulle hul werk verloor het. Om 'n kommandolid te wees terwyl hulle 'n ander werk gehad het, was nie deel van hulle tradisie nie. Toe die kommando ontbind het, was dit 90% getransformeer. Die verhouding swart:bruin was so 50:50 en ook die verhouding mans:vroue.[83]

Hierna was politieke geweld, veral in Bloemfontein, minimaal. Die kommando is egter gereeld gebruik vir misdaadsvoorkomingsoperasies[84]en die beskerming van sleutelpunte. Op 12 Januarie 1995 het kol. RJ Coetzee die BSK geluk gewens met die reuse operasionele bydrae om die jaar suksesvol te laat eindig. Hy het op die terugvoer van die gemeenskap en die SAPD gewys, wat groot dank betuig het vir die kommando se optrede.[85]

Op 14 en 15 Maart 1996 het 14 lede van die BSK helikopter-opleiding ontvang.[86] Daarna is helikopters van tyd tot tyd ingespan as verrassingselement. Operasie Misdaad (30 Mei tot 2 Junie 1996) het voet- en voertuig- (insluitende motorfiets) patrollies sowel as helikopter-optredes ingesluit. Dit was 'n unieke opset - die twee helikopters het sigbare reaksiegroepe op strategiese plekke afgelaai, daarna in die lug bly sirkel en lede weer opgepik sodra 'n aksie afgehandel is, waarna hulle na die volgende probleemarea vertrek het 35 mm-televisiekameras en verkykers is op strategiese plekke opgerig. Die voertuie wat gebruik is, was motorfietse, vier "riot"-bakkies (versterk om aanslae te kan weerstaan), vier Buffels, twee Samil 50's, 'n

82 Onderhoud, lt.-kol. Kruger, 21 Mei 2005.
83 **Ibid**.
84 **Ibid**.
85 BSK, lêer 309/1: Spesifieke operasies. Gp 35/B/309/1, 12 Januarie 1995.
86 **Ibid**., Nabetragting, 12 April 1996.

kantoortrok en een gewone bakkie.[87] In Operasie Valk (27 tot 30 November 1996) is benewens helikopters ook van die honde-eenheid gebruik gemaak.[88] Die kommando se seiners het deurgaans 'n groot bydrae gelewer te midde van probleme soos die heuwelagtige topografie en hoë geboue van Bloemfontein en swak toerusting.[89]

'n Voorbeeld van voorkomingsoptrede is in die feestyd van 1999/2000 gesamentlik deur die Bloemfontein Stadkommando (met voet- en voertuigpatrollies) en die 15 lede van die Central Park polisiekantoor onderneem. Die Central Park-omgewing met sy taxi-staanplekke is as 'n brandpunt geïdentifiseer. Nie minder as 234 mense is aangekeer nie, waarvan 29 vir ernstige oortredings soos aanranding, diefstal en roof. Ten spyte van 'n groot toeloop van mense na die middestad het ernstige misdaad afgeneem.[90] In een stadium kon die kommando daarin slaag om d m.v. gesamentlike optredes met die polisie die aangemelde misdaadsyfer in Bloemfontein met 56% oor 'n tydperk van 18 maande te laat daal.[91]

Hoewel politieke onrus feitlik iets van die verlede was, het onrussituasies van tyd tot tyd voorgekom, bv. onderlinge geskille in die taxibedryf en arbeidsonrus wat tot stakings en optogte gelei het,[92] soos versetaksies deur Cosatu in Augustus 1997 oor staatsdiensamptenare se salarisse; ook studente wat klasse geboikot en optogte gehou het oor geldkwessies. Gereelde vergaderings is saam met die SAPD, VLU, Boereverenigings en die munisipaliteit gehou en operasies is beplan.[93]

Daar is ook soms buite die stad beweeg. Tussen 29 en 31 Mei 1997 is padblokkades op al die roetes van en na Bloemfontein gehou. A-Kompanie het 15 lede gebruik vir padblokkades te Tierpoort en op die pad na Edenburg en Trompsburg saam met dié dorpe se SAPD. B-Kompanie het 20 lede gestuur om saam met Bloemspruit se SAPD 'n blokkade op die Thaba Nchu-pad te hou; saam met Navalsig-polisie te Andries Pretoriusstraat en saam met dié van Glen op die N1. Tien lede het met Bainsvlei se polisie saamgespan in dié gebied.[94]

Tydens verkiesings is logistieke ondersteuning en veiligheidsdienste gelewer. Hulle het nie by die stembusse of binneste ruimte diens verrig nie, maar aan die

87 **Ibid**., 21 Mei 1996.
88 **Ibid**., 30 November 1996.
89 **Ibid**., 23 Januarie 1997.
90 **Volksblad**, 10 Januarie 2000.
91 Afskeidsboodskap van lt.-kol. PZ Kruger, bevelvoerder, by die vaandelseremonie op 12 Maart 2005.
92 BSK, lêer 309/1: Spesifieke operasies. Gp 35/309/1, 14 September 1995.
93 **Ibid**., Notule van VEIKOM-vergadering, 7 Augustus 1897.
94 **Ibid**., 27 Mei 1997.

buitekant.[95] Hulle moes ook in die aanloop tot die verkiesings 'n stabiele omgewing skep en militêre toerusting en fasiliteite beskerm. Daar was in 1999 inligting dat groepe die diefstal van weermagtoerusting beplan het om die verkiesing te ontwrig.[96] Die middestad en die omgewing van die stembusse moes gereeld gepatrolleer word en almal moes tweerigting-radio's byderhand hê. In geval van enige oproer, ontploffings en ontruimings moes die SANW-lede paraat wees en hulp aan die SAPD verleen, veral deur die gebied te isoleer. Die lede moes na die verkiesing bedag wees op bomdreigemente, aanrandings en diefstal as 'n groep nie met die uitslag tevrede sou wees nie.[97]

Die kommando het baie aktief gebly. Die lede het elke Maandagaand bymekaar gekom en 'n ordegroep of werksessie by die kommandokantoor in Tempe gehou. Tydens 'n operasie is daar elke oggend of aand 'n vergadering gehou. Operasies is gedoen wanneer daar 'n behoefte opgeduik het of wanneer dit saam met die polisie beplan is, mits daar fondse beskikbaar was.[98]

Lt.-kol. Paul Kruger het aan die einde van 1999 by lt.-kol. Lötter oorgeneem en het in dié hoedanigheid gedien totdat die kommando ontbind is. Hy besit 'n onderneming wat brandstof vervoer, en moes, soos alle kommandolede, die kommandowerk in sy vrye tyd doen.

Die leër het elke jaar 'n nasionale skietkampioenskap aangebied. 183 kommando's het aan die White Horse-kampioenskap deelgeneem en sowat 50 Burgermageenhede aan die Gold Cup-kampioenskap. Dit het op dieselfde dag plaasgevind. Die BSK was altyd by die reëlings betrokke en moes in 2005, nadat hulle reeds opdrag gekry het om te ontbind, die White Horse-kampioenskap organiseer. 'n Transformasiespan het vir die eerste keer deelgeneem. Die kommando het hierdie kampioenskap vir die derde agtereenvolgende jaar gewen.[99]

### 6.2 Spesiale geleenthede

#### 6.2.1 Viering van die 150ste bestaansjaar

Op 7 Maart 1998 is 'n vaandelparade in die Tempe-stadion gehou om die 150ste bestaansjaar van die kommando te vier. In 1935 het die Departement van Verdediging en die regering besluit om erkenning aan die kommando's in die

---

95 **Ibid**., OPS ACAPANTA, 6 Mei 1999.
96 **Ibid**., Faks, 19 Mei 1999.
97 **Ibid**., 2 Junie 1999.
98 Onderhoud, PZ Kruger, 21 Mei 2005.
99 Onderhoud, PZ Kruger, 21 Mei 2005.

Vrystaat en Transvaal te verleen vir hulle deelname aan vorige oorloë. Vaandels is ontwerp en bestellings by 'n maatskappy in Engeland geplaas. Die besending vaandels, waaronder dié van die BSK, het ongelukkig aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog saam met die skip op die bodem van die see beland. Daar bestaan wel 'n foto van die vaandel waarop gesien kan word dat die kommando tydens die Basoeto-oorlog van 1865-66 en die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 uitgeblink het. Die nuwe vaandel het die wit perd, die kommando se embleem, as kenteken met die woord "Floreat", wat ook destyds Bloemfontein se leuse was, daaronder.[100]

Die ingebruikneming van die vaandel is deur die Hoof van die Suid-Afrikaanse leër, luitenant-generaal R Otto, bygewoon. Generaal-majoor M Grobler, bevelvoerder van die Kommandement OVS, het in die voorwoord van die brosjure wat uitgegee is, geskryf: "Vir 150 jaar het hierdie Kommando sy plek volgestaan in diens van sy gemeenskap en land. 'n Taak wat hy met groot ywer, betrokkenheid en trots verrig. Bloemfontein Stad Kommando is 'n onmisbare skakel van Kommandement Oranje-Vrystaat se deeltydse komponent. Onder huidige omstandighede is die kommando aktief besig om in samewerking met die polisie misdaad in die metropool van Bloemfontein te bekamp deur voorkomende optrede. Hulle verrig 'n reuse taak en groot suksesse word behaal .."[101] Die bevelvoerder van Groep 24, kol. JF Grobler, het op sy beurt geskryf: "Die taak van Bloemfontein Stad Kommando in gebiedsbeveiliging kan ... nie oorbeklemtoon word nie."[102]

### 6.2.2 Herdenking van die Anglo-Boereoorlog (ABO)

BSK het op 23 September 1999 opdrag ontvang om al die reëlings vir die kranslegging by die Vrouemonument op 11 Oktober 1999 ter herdenking aan die uitbreek van die ABO te tref. Hulde is by dié geleentheid gebring aan almal wat tydens daardie stryd hul lewens verloor het.[103]

Op 5 Oktober 1999 is ook opdrag gegee dat BSK betrokke moes wees by die kransleggings by konsentrasiekamp-begraafplase by Brandfort. Die bevelvoerder moes in 'n toespraak van vyf tot ses minute aan die gaste die historiese agtergrond van die begraafplase verskaf. Hy moes die Slag van Karee beskryf en noem dat die Bloemfontein Kommando baie betrokke was by die ABO - nie by Karee nie, maar

---

[100] Brosjure, pp. 6 en 7.
[101] **Ibid**, p. 2.
[102] **Ibid**.
[103] **Ibid**., OPSO 05/99, 23 September 1999.

wel by Sannaspos. Die President, die Hertog van Kent en ander hooggeplaastes sou die geleenthede bywoon.[104]

### 6.3 Erkenning

Kommandolede het erkenning vir hul diens gekry by wyse van medaljes wat toegeken is. 'n Medalje-parade is byvoorbeeld op 16 Januarie 1997 in die Tempeweermagbasis gehou. Die Unitas-medalje vir lede wat van 27 April 1994 af in die SANW opgeneem is ten tye van die vereniging van weermagte en gewapende magte, is postuum aan een lid toegeken en verder aan 49 lede van die kommando. Die Suider-Afrikamedalje vir lede wat aan militêre operasies buite die grense van die land deelgeneem het, is aan een lid toegeken en die Algemene Diensmedalje aan 15 lede.[105]

### 6.4 Geestelike weerbaarheid

Daar was nog altyd in Suid-Afrika 'n behoefte aan geestelike versorging onder kommandolede. Fransjohan Pretorius skryf dat predikante gedurende die ABO van tyd tot tyd diens by die kommando's gedoen het. Wanneer daar nie 'n predikant was nie, het offisiere die godsdiensoefening gelei.[106]

BSK was bevoorreg om ook deur kapelane bedien te word en wel vir 25 jaar deur ds. Johan Botha. As kapelaan het hy 'n senior rang beklee, maar soos ander kapelane was hy nie 'n vegtende soldaat nie. Hy is wel tydens die grensoorlog by drie verskillende basisse geplaas. Daar was baie trauma, veral as die manne in kontaksituasies was. Die kapelaan het baie geleentheid vir private gesprekke gehad en het verder bidparades en kerkdienste gehou en geleenthede geopen.

Op die tuisfront het hy 'n ondersteuningsdiens verrig deur te help, vertroos en versterk, ook in gevalle van persoonlike nood. Hy het elke Maandagaand vir 25 jaar lank die vergaderings van die kommando bygewoon en verder was daar parades, kerkparades en skietoefeninge wat almal met skriflesing en gebed geopen is. Hy was betrokke by die kommando se nuusbrief - een van die weiniges in die land - wat so drie of vier keer per jaar uitgegee is.

Die kommando was betrokke by die begin en afsluiting van die herdenking van die ABO. Om 17:00 op 11 Oktober 1999 - presies 'n eeu na die uitbreek van die oorlog

---

104 **Ibid**., GP 24/512/2. OP Karee, 5 Oktober 1999.
105 **Volksblad**, 17 Januarie 1997.
106 F Pretorius, **Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902** (Kaapstad en Johannesburg, 1991), pp.171-6.

toe die amptelike ultimatum verstryk het, het die kommando 'n vlagstryking-seremonie by die Vrouemonument gehou. Dit was 'n baie mooi oomblik. Ds. Botha het die parade met skriflesing en gebed geopen. Daar is weer so 'n parade gehou om die vredesluiting te gedenk - ook by die Vrouemonument. By hierdie geleentheid en by die neerlegging van die vaandel het hy nogmaals die skriflesing en gebed gedoen.

Daar is 'n paar keer per jaar amptelike kerkdienste gehou. Die kommando - veral die senior lede - het die dienste amptelik in uniform bygewoon. Die kapelaan het die diens gelei. Ds. Botha het nie 'n spreekkamer gehad nie, maar het individuele gesprekke met lede gevoer en was betrokke by begrafnisse en siekebesoeke.[107]

'n Voorbeeld van die pligte wat deur die kapelaan verrig is, is vervat in 'n opdrag aan hom in Januarie 2000. Van 4 tot 6 Februarie sou daar kaderopleiding by die Op 't Hof-sentrum by Maselspoort plaasvind. Die doel van die opleiding was herbeplanning, organisatoriese herskikking en die vestiging van doktrines en waardes as gevolg van die implementering van nuwe bevelstrukture. Die kapelaan se taak is soos volg uitgestippel:

Fase 1: Berei u voor om geestelike en morele steun aan die opleidingstaak te gee.
Beplan en berei u opleidingstaak voor.
Reël en bevestig akkommodasiebehoeftes.

Fase 2: Neem deel aan die verrigtinge.
Bied u opleidingstaak aan.

Fase 3: Sien toe dat die implementering van die opleiding, planne en doelwitte geskied.[108]

## 7. DIE ONTBINDING VAN DIE KOMMANDO

Volgens die Witskrif op Verdediging sluit die benadering tot sekuriteit in die nuwe bedeling nie 'n uitgebreide rol vir die gewapende magte in nie. Die SANW se hooftaak is om die RSA te verdedig en sy soewereiniteit en territoriale integriteit te beskerm.[109] Dit bly 'n belangrike veiligheidsinstrument as laaste uitweg, maar dié verantwoordelikheid berus nou by verskillende regeringsdepartemente en uiteindelik die Parlement.[110] Slegs onder uitsonderlike omstandighede en onderworpe aan

107 Onderhoud met ds. Johan Botha op 13 Junie 2005.
108 BSK, lêer 309/1/00468: Spesifieke operasies, Januarie 2000.
109 **White paper on defence, 1996**, hoofstuk 2, p.5, punt 8.
110 **Ibid**, p.6, punt 9.

parlementêre goedkeuring en waarborge sal die SANW vir binnelandse polisiëring aangewend word.[111] Dit was dus te wagte dat die ANC-regering van die kommando's, wat buitendien volgens hulle te veel bagasie uit die ou bedeling saamgesleep het,[112] ontslae sou raak. Nogtans het skokgolwe deur die land getrek toe pres. Thabo Mbeki in Februarie 2003 aangekondig het dat die kommandostelsel uitgefaseer sou word en dat die polisie hulle take sou oorneem.[113] Volgens die Demokratiese Alliansie (DA) hou dié besluit verband met gebrekkige verteenwoordiging en transformasie in die kommando's en die siening dat hulle net wit belange dien.[114] In die Nasionale Vergadering en Vrystaatse Wetgewer het die ANC teen die kommando's losgetrek. Mnr. Mosiuoa Lekota, Minister van Verdediging, het op 25 Februarie 2003 in die Nasionale Vergadering gesê die Grondwet bepaal dat net een instansie die gemeenskap moet polisieer, naamlik die SAPD. Die tyd het aangebreek dat die kommando's ophou om die rol te speel wat hulle in die ou bedeling se stryd teen die bevrydingsmagte gespeel het. Hy het ook gesê dat gemeenskappe gekla het dat hulle deur kommando's aangeval en geteister word. Die Minister van Veiligheid en Sekuriteit het beweer dat mense in KwaZulu-Natal, Mpumalanga en Limpopo sou kon getuig dat kommandolede nie engele is nie.[115] In antwoord op 'n vraag van die DA oor die betrokkenheid van die kommando's in die beveiliging van Suid-Afrika, het Lekota geantwoord dat kommando's vanaf 2001 tot 23 Junie 2003 in 92 888 operasies ter ondersteuning van die SAPD betrokke was, waarvan 17 793 plaasbesoeke was. Tydens 36 000 operasies wat gedurende een jaar uitgevoer is, was daar slegs 18 aanklagte van wangedrag. PJ Groenewald (Vryheidsfront+-LP) het daarop gewys dat tydens 260 000 optredes in landelike gebiede tussen 1996 en 2003 daar 30 misdaadondersoeke teen lede aanhangig gemaak is met slegs drie skuldigbevindings.[116]

Die Vrystaatse Premier, Winkie Direko, het in die Vrystaatse Wetgewer 'n aanval op die kommando's gedoen: "Ons kan nie meer die struikrowery van kommando's toelaat nie, veral teen weerloses onder die voorwendsel van die beskerming van boere.." Sy het verder gesê dat kommando's uitgediend en sleg vir die land was en deur 'n meer aanvaarbare soort polisiëring vervang moes word.[117] In reaksie hierop het Inus Aucamp, NNP-lid van die Wetgewer, op 11 Maart 2003 'n afvaardiging bestaande uit kol. Dirk van Rensburg, voorsitter van die Vrystaatse Reserwemag-

---

111 **Ibid**, p.7, punt 11.9.
112 **Volksblad**, 8 Maart 2005.
113 **Debatte van die Volksraad**, 14 Februarie 2003. Pres. Mbeki se openingstoespraak in die parlement by geleentheid van die gesamentlike sitting van die Nasionale Vergadering en die Raad van Provinsies.
114 **DA-beleidstuk**, p.3.
115 **Debatte van die Volksraad**, 25 Februarie 2003.
116 **Ibid**, 13 Junie 2003.
117 **Volksblad**, 26 Februarie 2003. **Debatte van die Wetgewer van die Vrystaat Provinsie,** 25 Februarie 2003.

raad, die bevelvoerders van Groepe 24 en 36 en swart offisiere van Ladybrand, Harrismith en Bloemfontein na die Premier gelei. Van Rensburg het agterna gesê dat goeie samesprekings gevoer, onduidelikhede oor die kommando's se taak en rol uit die weg geruim en die belangrikheid van hul werk benadruk is. Hulle boodskap was dat die polisie nie gerat is om veiligheid in plattelandse streke te handhaaf nie en dat transformasie in die kommando's reeds ver gevorder het. Opleiding van nuwe lede het, ten spyte van min geld, voorkeur geniet. Die Premier het onderneem om mnr. Khotso de Wee, Direkteur-generaal van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie, te vra om 'n regstellende verklaring uit te reik.[118] Sodanige verklaring kon nêrens in amptelike stukke of die media opgespoor word nie.

Heelwat ontevredenheid is oor die sluiting van die kommando's uitgespreek, veral vanuit opposisiegeledere en selfs deur swart boere. Mnr. Jafta Kola, voorsitter van die Vrystaatse Grondgebruikers, het gesê dat swart boere ontsteld is oor die sluiting van kommando's. Kommandolede het hulle ore op die grond gehad en kon vinniger as die polisie reageer. Hulle het ook inligting oor misdaad aan die polisie voorsien. Verder het kommando's aan werklose swartes werk voorsien.[119]

In antwoord op Groenewald (VF+) se vrae aan die polisie in die parlementêre portefeuljekomitee oor verdediging in Maart 2005, het die polisie vertroue uitgespreek dat geen leemtes sou ontstaan met die sluiting van die kommando's nie, aangesien meer kommandolede waarskynlik mettertyd as reserviste sou aansluit.[120] Met sektorpolisiëring is beoog om teen 2009 alle interne polisiëringstake van die weermag na die polisie oor te dra.[121] Die DA, soos sommige ander opposisiepartye, het ernstige bedenkinge oor die vermoë van die polisie om die publiek te beskerm. Mnr. Andries Botha, die DA se woordvoerder oor veiligheid en sekuriteit in die Vrystaat, het daarop gewys dat daar vier keer meer private veiligheidspersoneel as polisiebeamptes is wat selfs polisiekantore moet beskerm. Misdaadvlakke is onaanvaarbaar hoog en die polisie beskik nie oor genoegsame hulpbronne om hulle werk doeltreffend te kan verrig nie.[122] In die lig hiervan is dit moeilik om te kan insien hoe die polisie die leemte sal kan vul. Dit beklemtoon die feit dat gewone burgers dit as hulle plig sal moet sien om as reserviste aan te meld of minstens by polisieforums aan te sluit. Vanaf 2002 tot 2004 is net 35 plaaswerkers en 38 kommandolede as reserviste gewerf. Kenners meen dat kommandolede, waaronder 16 000 swartes, nie as reserviste wil aansluit nie omdat hulle nie soos kommandolede vir hul dienste vergoed word nie.[123]

118 **Volksblad**, 12 Maart 2003.
119 **Volksblad**, 6 April 2005.
120 **Volksblad**, 7 Maart, 2005.
121 **Volksblad**, 31 Maart 2005.
122 **Volksblad**, 28 April 2005.
123 **Volksblad**, 7 Maart 2005.

In Februarie 2005 is aangekondig dat 17 kommando's, waaronder die Bloemfontein Stadkommando, teen die einde van Maart sou sluit en nog 55 in die volgende boekjaar. Helmoed Römer-Heitman, 'n medewerker van **Jane's Defence Weekly,** meen dat die polisie nog nie gereed is om die kommando's se taak van beveiliging ten volle oor te neem nie - sektorspolisiëringsplanne is nog nie op die tafel nie. 'n Vakuum sal dus ontstaan.[124] Die polisie is nie gerat is om take soos hulp met rampe en die organisasie van mense in 'n noodsituasie te verrig nie, aangesien dit tradisioneel eerder 'n militêre taak is. "Ek sal dit glo as ek sien polisiemanne ry water aan en slaan tente op in 'n rampsituasie. Die weermag is net beter ingestel op dié soort take", het hy gesê.[125] Volgens mnr Henri Boshoff van die Instituut vir Sekerheidstudies het die Departement van Verdediging die onderneming gegee dat geen kommando's toegemaak sal word sonder dat 'n plaasvervangende stelsel gereed is nie. Hy wys daarop dat die afskaling van die weermag se betrokkenheid binnelands nie net die sluiting van die kommando's beteken nie, maar ook van die groephoofkwartiere. 'n Taktiese hoofkwartier in elke provinsie sal hul taak oorneem, maar sal hoofsaaklik fokus op grenspolisiëring, bystand in rampe en die beskerming van NSP'e. Sektorpolisiëring maak nie voorsiening vir die beskerming van huis en haard of 'n snelreaksievermoë nie. Die vraag is wie hierdie rolle gaan vervul.[126]

Die Bloemfontein Stadkommando, die oudste kommando in die Vrystaat, was een van die eerstes in die land wat in opdrag van mnr. Mosiuoa Lekota, Minister van Verdediging, sy deure moes sluit. Teen daardie tyd is die kommando reeds behoorlik aan bande gelê. Daar was slegs ongeveer 120 lede oor en baie min offisiere, aangesien daar nie meer 'n voedingsbron vir hulle was nie. Op 20 Maart 2004 het die kommando hulle laaste opdrag ontvang, nl. om van 25 tot 31 Maart 'n operasie uit te voer en die korrespondensie is so afgesluit: "This is to confirm .. that the commando is not allowed to conduct operations in urban areas as from 01 April 2004."[127]

Die kommando het op 31 Januarie 2005 instruksies ontvang om op 22 Februarie ontruim te wees. Die bevelvoerder moes spook om dit vir 'n maand uitgestel te kry, wat aan hulle steeds net sewe weke gegee om alles af te handel. Gedurende hierdie kort tydperk moes die kommando die skietkompetisie en die vaandelparade organiseer en daaraan deelneem en die ontruiming doen. Klere en toerusting moes inderhaas ingeneem en die geboue ontruim word.[128]

124 **Ibid.**
125 **Volksblad**, 8 Februarie 2005.
126 **Volksblad**, 3 Februarie 2005.
127 Onderhoud, PZ Kruger, 21 Mei 2005; **Bfn Stad, leêr Bfn Stad/B/309/01. Ops Authority: A TR Units,** 20 Maart 2004.
128 Onderhoud, PZ Kruger, 21 Mei 2005.

Die kommando se vaandel het op Saterdag, 12 Maart 2005 vir oulaas in die stad gewapper voordat dit op 'n neerleggingsparade vir goed gebêre is.[129] Die vaandel is by die Oorlogsmuseum in Bloemfontein neergelê. Dit is 'n ou militêre tradisie dat die vaandel in 'n kerk, katedraal of museum neergelê word wanneer 'n militêre eenheid ontbind. Die vaandel mag daarna nooit weer wapper nie, behalwe as die eenheid weer herleef.[130] Tydens die ontroerende geleentheid het lt.-kol. PZ Kruger, bevelvoerder, 'n afskeidsboodskap gelewer waarin hy onder meer gesê het: "We have never declared war, nor rebelled against any government. We only served with pride and dignity no matter who ruled our country. For it is within us to serve the communities we come from."[131]

## 8. SLOT

Die sluiting van die kommando is vir Bloemfontein 'n verlies. Die polisie doen gewis hulle bes om die omgewing te beveilig, maar weens 'n kroniese gebrek aan mannekrag, toerusting en finansies kan hulle nie altyd so vinnig by misdaadtonele kom of die strate patrolleer nie. Die kommando het vroeër 'n belangrike rol gespeel om misdaad te voorkom. Uit die maandelikse bulletin wat die polisie in elke sektor van Bloemfontein saamstel, blyk dit dat die misdaadvlak besonder hoog is - daar is ontstellend baie gevalle van diefstal, inbraak, roof, gewapende roof, saakbeskadiging, aanranding en verkragting. In een enkele redelike klein gebied, Westdene, was daar gedurende Julie 2005 ses aanrandings, 40 diefstalle, 17 inbrake, agt motors gesteel, twee gevalle van roof, 18 van diefstal uit motors en 12 van saakbeskadiging.[132] Mnr. Abrie Oosthuizen, leier van die Vryheidsfront Plus in die Vrystaat, het in Maart 2005 daarop gewys dat lede van die polisie in Bloemfontein in onrusgeteisterde gebiede in die Vrystaat ontplooi is en daarna op die grens met Lesotho. Dit het Bloemfontein met 'n groot tekort aan polisielede gelaat. Die kommando kon gehelp het om die stad te beveilig. Saam met die ontwapening van burgers deur die nuwe wapenwet, die sluiting van die motor-, veediefstal- en ander eenhede hou die sluiting van die kommando's volgens hom 'n veiligheidsrisiko vir die land in.[133]

Vir kommandolede was die sluiting van die kommando traumaties. Baie van hulle was voorheen werkloos en vir hulle, waaronder enkelma's, het die kommando uitkoms gebied. Tydens opleiding het hulle vaardighede bekom wat hulle in hulle gemeenskappe kon terugploeg.[134] Daardie geleentheid is nou verby.

---

129 **Volksblad**, 11 Maart 2005.
130 **Volksblad**, 14 Maart 2005.
131 Afskeidsboodskap, lt.-kol. PZ Kruger, Vaandelparade, 12 Maart 2005.
132 **Parkweg-sentraal Polisie Bulletin**, Julie 2005.
133 **Volksblad**, 15 Maart 2005.
134 Onderhoud, lt.-kol. PZ Kruger, 21 Mei 2005.

Die verlies strek egter veel breër. Vir lt.-kol. Kruger is dit 'n bron van kommer dat daar oor die afgelope tien jaar nie meer opgeleide soldate in die breë bevolking is nie. Hulle kan nie meer na vyf of tien jaar teruggeroep, heropgelei en ontplooi word soos vroeër nie. Die land het daardie hele vermoë verloor en ook die dissipline wat daarmee saamgaan. Die opleiding en aanwending van kommandolede was baie maklik en kostebesparend - dit kon na ure en in fleksietyd gedoen word teen geringe vergoeding. In hierdie tyd van vredesmagoptrede sou kommandolede met groot vrug gebruik kon word - volgens kol. Kruger is daar niemand beter opgelei vir so 'n taak as kommandolede nie. Wat hulle sedert 1994 gedoen het, was niks anders as om die vrede te bewaar nie.

Gedurende die bestaan van die kommando het dit onder die Union Jack en die vlae van die Vrystaatse Republiek, die Unie van Suid-Afrika en die Republiek van Suid-Afrika (die ou en die nuwe vlag) gedien. Verder het dit onder die bewinde van koningin Victoria, die Vrystaatse presidente, eerste ministers van die Unie van Suid-Afrika en presidente van die Republiek van Suid-Afrika gedien.[135] Die ontbinding van die Bloemfontein Stadkommando bring dus 'n einde aan 'n tradisie van anderhalf eeu.

135 **Brosjure**, p.5.